Die *engele* wat Elih omring

Michele en Kenny Lawrence moes ses lange jare wag om ná 'n omgekeerde vasektomie ouers te word. En toe verloor hulle byna een van hulle seuntjies in 'n tragiese ongeluk.

Deur Hermoné Hugo
Foto's: Reinier Brönn

15 April 2004 was 'n dag waarop absoluut niks die Lawrence-gesin van Bloemfontein kon voorberei het nie.

Michele Lawrence was dié herfsmiddag aan die werk in haar tuiskantoor, wat op hulle huurhuis se grasperk en swembad uitgekyk het. 'n Vriendin het haar geselskap gehou terwyl hulle kinders buite heerlik rondbaljaar het. Van waar sy in haar kantoor was, kon sy die kleingoed se kaperjolle dophou. Later het die ouer kinders ingekom terwyl klein Elih, toe 20 maande oud, nog met hul Jack Russelhondjie op die grasperk aanhou speel het.

Michele onthou dat haar drukker in daardie kosbare oomblikke begin lol het en sy het haar vriendin gevra om haar daarmee te help. Sy het opgekyk na waar Elih laas gespeel het, maar kon hom nie sien nie.

Wat hierna gebeur het, is seker enige ouer se ergste nagmerrie. Michele vertel die storie:

> "Sekondes later het nog 'n engel stilgehou, ons agterop sy bakkie gelaai en hospitaal toe gejaag. Hy was net toevallig in die buurt"

e ek omdraai, was hy weg'

het buitentoe gestap om na Elih te soek en ge-
dat die hond uit die rigting van die swembad
gehardloop kom. Ek het dadelik soontoe geloop
0 meter voor die swembad vir Elih op die water
dryf." Die gesin was juis in daardie stadium
g om met die eienaars van die huis te onder-
del oor die omheining van die swembad.
Woorde kan eenvoudig nie beskryf wat deur my
agtes geflits het nie. Dit het gevoel asof ek
n tree vorentoe kon gee nie, kompleet asof
ar rotse om my enkels vasgebind was. Toe ek
ndelik kon beweeg, het ek geskree 'Here, my
, my kind!' Ek het in die water gespring en sy
lyfie uitgehaal. Ek het vas geglo dat Elih dood
s dit nie was vir my vriendin Louise Ferreira
sou ek heel moontlik net daar gaan sit en wag
ot my man by die huis kom. Louise het Elih by
gegryp en dadelik mond-tot-mond-asemhaling
n toepas terwyl ek die nooddiens gebel het.
het na die voortuin gehardloop om vir die am-
ns te wag, maar daar was niks!
n Paartjie het by ons stilgehou en dadelik nood-
andeling op my seun begin toepas. Sekondes
het nog 'n engel, 'n man genaamd Leonard,
ehou, ons agterop sy bakkie gelaai en met ons
pitaal toe gejaag. Die wonder is dat
et per toeval daar verbygery het
n kliënt in ons woonbuurt te kom
oek. Tot ons skok het ons later ge-
dat die ambulans eers 25 minute
ny oproep by die huis opgedaag
kardinale minute waarin Elih uit ons
ns geruk kon gewees het.
Met God se genade het Elih se hart-
ooit gaan staan het nie, hoewel hy
swak was. Ons pediater, dr. Hennie
nan, kon daarin slaag om met die
elooflike hulp van die Rosepark-
pitaal se personeel Elih se toestand
g te stabiliseer. Hy is aan 'n ventila-
iekoppel en in die waakeenheid op-
eem. Teen daardie aand het nie net
iele land nie, maar ook kennisse in
uiteland vir Elih gebid.
lih was vir vier dae onder hewige
owing om sy longetjies met die
ilator te help. Ons kon nie wag dat
woelige seuntjie wakker word nie.
r toe hy uiteindelik wakker is, het sy
soveel stuiptrekkings gekry dat sy
ie amper sy hakke kon raak. 'n
nskandering het getoon dat hy won-
aarlik geen breinskade opgedoen
nie en 'n EEG het epilepsie uitge-
el. Die diagnose was dat Elih brein-
opgedoen het en dat sy brein
ongevee' is; soos dié van 'n pasge-
baba."

'n Nuwe begin

"Ná 10 dae kon Elih huis toe kom. As ons hom opgetel het, moes ons sy nekkie soos 'n klein babatjie s'n stut. Hy kon net bottel drink en was nie in staat om self die bottel vas te hou nie. Elih kon nie eens omrol nie en het net gehuil as iets fout was, verder was hy doodstil.

Hierna het ons met intensiewe fisioterapie begin om sy geheue te stimuleer. Teen Junie verlede jaar kon Elih teen kussings sit en sy koppie regop hou. Hy kon selfs begin om babakos te eet, maar weens die spasma in sy vingertjies kon hy nie sonder hulp gevoed word nie. Teen sy tweede verjaardag in Augustus kon Elih voetjie vir voetjie loop as sy handjies vasgehou word. Die geluidjies wat hy gemaak het, het ook geleidelik meer begin word.

"In Oktober het ons na 'n nuwe huis sonder 'n swembad getrek. Elih kon op sy eie by die nuwe huis instap, hoewel hy nie hoogtes en dieptes kon skat nie. Hy moes by betreklike klein trappe op- en afkruip en was heeltemal van balans af. Die maande het verbygegaan en daardie Desember het ons Melodie de Jager van The Connexion ontmoet, wat so 'n groot rol in sy breinontwikkeling gespeel het. (Lees meer oor dié program in vandeesmaand se Allegaartjies.) Deur hierdie wonderlike kursus en tuisoefeninge het ons kind begin ontluik tot die Elih van ouds. Met die Here se genade klim Elih tans self tot heel bo op sy klimraam, en weer af. Hy praat al elf woordjies en gee soms vir sy ouboet kwaai opdraande! Daar is daagliks vordering in sy ontwikkeling en 'n 100%-herstel is in sig.

Die engele om ons

"Michél-John, nou 5 jaar, het ontsettende emosionele trauma weens Elih se ongeluk beleef. Hy het vas geglo dat sy kleinboet dood is en dit het baie oortuiging gekos om sy denkrigting te verander. Toe Elih soos 'n 'baba' tuiskom, was dit vir Michél-John moeilik om te aanvaar dat sy kleinboet nie meer dieselfde was nie. Hy is nou só beskermend teenoor sy boetie. Met die ongeluk en in die maande daarna was hy werklik vir my 'n steunpilaar. Hy het letterlik na my omgesien en wanneer ek gehuil het, het hy my kop gestreel, drukkies gegee en my vertroos. 'n regte grootman.

"Daar is soveel mense wat ons deur hierdie hele tydperk gedra het, veral my skoonma, June, wat Michél-John se versorging oorgeneem het terwyl Elih in die hospitaal was. Nadat Elih tuisgekom het, het sy gehelp met oefeninge en die huishouding op 'n ongelooflike manier hanteer. Ek glo sy het 'n spesiale telefoonlyn hemel toe. Ook my ouers, Ben en Hanna, se gebede en ondersteuning het ons deur dié tyd gedra, en dan is daar die liewe Margaret, ons huishulp en ons twee seuns se 'ander ma'. Vir hierdie mense het ons die grootste agting en waardering vir alles wat hulle vir ons beteken het en steeds doen.

"Dit is so maklik om 'hoekom?" te vra, maar die mense wie se lewens deur Elih se ongeluk aangeraak is, is ongelooflik en juis daarom voel ons dat mense steeds in wonderwerke moet bly glo."

En wat sê klein Elih van die saak? Sy ogies blink as hy lag: "Wha papa, wena", wat beteken: "Pasop pappa, boetie is terug!"

Ons Amazing Grace

15 April 2004 was die dag wat die Here my by naam kom roep het en gese het – nou loop Ek en jy ‘n pad saam. Ons het ‘n huis in Fichardtpark gehuur, en my kantoor het uitgekyk op die grasperk waarna die on-omheinde swembad gele het. My vriendin Louise het by my gekuier, en ons kinders het buite op die gras gespeel. Nadat die groter kiddies ingekom het, het klein Elih (toe 20 maande) steeds met die hondjie op die gras gespeel. My drukker wou nie werk nie, en ek het Louise gevra om my te help, en terwyl ons plekke ruil, het ek besluit om te gaan kyk waar Elih is, want ek kon hom nie sien nie……
Ek het swembad se kant toe geloop en sy naam geroep – die hondjie het van die swembad se kant gekom, en daardie sement om jou voete gevoel het dadelik gekom. Dit het gevoel of als stadiger beweeg, en ek kon Elih se lyfie op die oppervlak van die water sien dryf – Ek kon net skree “Here, my kind!” en ingespring om hom uit te haal. In daardie stadium het ek geglo hy is dood, en was dit nie vir Louise wat hom by my gegryp het en begin het met cpr nie, sou ek net daar gaan sit het met hom.
Nadat ek die ambulans gebel het, het ons met hom vorentoe gehardloop sodat hul ons kon sien wanneer hulle kom. Ons het Elih neergele en byna onmiddelik het ‘n motor gestop en ‘n man wat ek nooit weer gesien het nie, het dadelik met cpr gehelp en oomblike later nog ‘n engel met die naam Leonard wat ons dadelik agter op sy bakkie gelaai het en Rosepark toe geneem het.
Deur God se genade het Elih se hartjie nooit gaan staan nie, maar was hy baie swak. Weereens was ons geseen deur die pediater wat uitgeroep is – dit was ons eie pediater Hennie Snyman. Elih is vinnig gestabiliseer en intensiewe eenheid toe gestuur. Teen daardie aand het nie net die land nie maar kennisse in die buiteland vir Elih gebid. Toe Elih na vier dae op die ventilator toegelaat word om wakker te word, kon ons nie wag nie – alles het daarop gedui dat ons hande vol gaan he wanneer hy wakker is, want hy gaan wil rond hol. – Elih het teen die tyd wat hy wakker was soveel stuiptrekkings gehad dat hulle epilepsie vermoed het. Dadelik is ‘n breinskandering gedoen, en dit was skoon – ook die EEG het geen epilepsie aangedui nie. Na ‘n week in die hospital is ons huis toe met Elih – sy diagnose was breinskok, en Elih moes van voor af begin – basies as ‘n nuwe baba. Hy het bitter min geluide gemaak, ons moes sy nekkie vashou wanneer ons hom opgetel het, hy moes leer eet, leer rol, leer kruip, leer loop
Elih het opgevang – die ongeluk is nou drie jaar gelede, en Elih is op drie jaar standaard. Hy begin nou mooi praat – dit is die laaste wat terug gekom het, en hy is in ‘n normale kleuterskool. Hy het meer deursettingsvermoe as enige ander persoon wat ek nog ooit in my lewe ontmoet het, en raak ongelooflik gefrustreerd wanneer ons hom nie onmiddelik verstaan nie.
Die Here was vir ons ongelooflik genadig gewees. In die afgelope drie jaar het my huwelik ‘n proses deurgegaan wat net met gebed oorleef het, ons ouer seuntjie Michel-John het swaar gekry, maar is so trots daarop om sy kleinboet as sy maatjie terug te he. My man Kenny het tot vandag toe nog nooit ‘n woord van verwyt oor my gespreek nie, en sy ondersteuning van toe tot nou was vol liefde en soos hy ongelooflik.
In Maart hierdie jaar het die Here weereens vir Louise gebruik in my lewe. Sy het my Ester konferensie toe genooi in Pretoria. Die Here het my maak gaan.

Voor die ongeluk was ek die tipe mens wat as eerste reaksie op so ‘n storie sou se – die mamma moes mooier gekyk het, sy moes daar gewees het. Die skuldgevoel al weet ek dit was ‘n ongeluk het my opgeeet. Elke keer wat Elih gesukkel het met iets was dit daar. Ek het my vergifnis by die Ester konferensie gaan haal. Dit was ‘n ongeluk, en die Here het die ongeluk gebruik op maniere wat my paadjie nooit sou volg as dinge in my lewe geloop het volgens “my “ planne nie.
Ons wou aan die begin van die jaar ‘n ondersteuningsgroep stig vir ouers van kinders wat swembad ongelukke gehad het. Ons wou ‘n webtuiste begin, en ouers help met informasie, en ondersteuning. Ons kon dit egter nie bekostig nie, en beloftes van mense wat ons sou ondersteun het eenvoudig net nie van die grond af gekom nie. Op Ester het ek die Here gevra om vir my te help hiermee – en hy het.
Die Here het die “Scripture Bracelets” op my pad gebring om landwyd te verkoop.
Die bevestiging hiervan is vir my gegee in Deuteronomy v 6:5-9 (verskoon seblief die engels – “And you must love the Lord your God with all your heart, and all your soul, and all your strength! And you must commit yourselves wholeheartedly to these commands I am giving you today. Repeat them to your children. Talk about them when you are at home and when you are away on a journey, when you are lying down and when you are getting up again. Tie them to your hands as a reminder, and wear them on your forehead. Write them on the doorposts of your house and on your gates! “
Die wins hiervan betaal reeds vir ons webtuiste wat vanaf 26 Augustus 2007 aan lyn is – www.amazing-graces.com
Elke kindjie wat aansluit by ons groepie se registrasie fooi vir die jaar word betaal aan die Connexion. Janine van die Connexion bied oefeninge aan wat die brein leer om paadjies te vind en oorbrug wat deur skade verlore gegaan het. Die registrasie sluit in ‘n evaluasie, en ‘n oefenprogram wat die ouers dan met die kindjie doen.

Die Here is so getrou aan die ondersteuning wat Hy mens bied wanneer jy in Sy wil leef. Sonder dat ons ‘n enkele advertensie uitgeneem het, of ‘n enkele maatskappy gaan sien het, het die Here ons geseen met mense op ons pad wat hierdie armbandjies neem en dit versprei. Ons het ons eerste uitstalling by die Volksblad kunstefees gehad, en van daar het die Here se genade oorgeneem. Aartklop wou ons nie toelaat om daar uit te stal nie, en glo my die Here maak een deur toe, maar hy maak die Hemel oop Sonder om daarvoor te vra het Phillip en Ella kom pa-staan vir ons. Die mense wat ons nooi vir uitstallings, wat mense en groepe na ons verwys, nie net in Bloemfontein nie, maar in ander dorpe ook en – ek weet sonder enige twyfel dat elkeen deur ons Here gestuur is om hul deel te doen.
Na al hierdie het ons die voorreg gehad om by die afgelope Hadassa uit te stal, en was ek hartseer om nie die hele aksie by te woon nie, en tog plaas die Here mens waar jy moet wees wanneer jy daar MOET wees. Ek het Saterdag middag se laaste sessie na ete bygewoon. Elkeen moes ‘n wit klippie uit ‘n boks neem, en die voor die Troon gaan neerle, as die verharde gedeelte van jou hart. Ek het daar gesit met my klippie, en vir die Here gese – Ons het so ‘n ongelooflike pad geloop tot nou, en ek het alles reeds gegee – het hierdie klippie op my betrekking. Zanette het net daarna gese – ons

MOET ALMAL ons klippies gaan neerle – al weet jy nie waarvoor nie. Ek het – en terwyl ek kniel en my “hart-klippie” vir die Here gee weet ek waarvoor dit is – daar was nog ‘n deel van my wat terug geneem het – Ons gee ons hartseer, hoop als vir die Here, en tog wanneer dinge nie gebeur soos ons wil nie, of wanneer ons wil nie is ons so geneig om dit terug te neem. Elih moet volgende jaar graad R toe en Grey College het hom aanvaar – ek het Elih vir die Here gegee, en gevra daarvoor, maar ek hou aan terugvat – wat as hy nie genoegsaam opgevang het tot dan nie, wat as hy sukkel. Ek besef – ek moes my klippie – my twyfel weereens voor die Here gaan neerle.
Ons het ‘n ongelooflike God, en dat Hy met my tydmaak is Amazing
Mag Sy Amazing Grace in oorvloed op ons almal rus